Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

BESIGHEIDSTUDIES

EKSAMENNOMMER													

Tyd: 3 uur 300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**
5. Demonstreer insig, waar van toepassing, wanneer die vrae beantwoord word. Jy mag na enige kleinhandelklerebesigheid wat jy vanjaar bestudeer het, verwys.
6. Jy word aangeraai om besondere aandag aan taalgebruik en die **toekenning van punte** te gee.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. Twee skoon bladsye (bladsy 35 en 36) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie meer plek vir 'n vraag het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui duidelik die vraagnommer van jou antwoord aan indien jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

SLEGS VIR NASIENERS SE GEBRUIK

1	2	3	4	5	6	7	Totaal
					7A (LOD)		
					7B (HOD)		

IEB Copyright © 2024

AFDELING A

VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van jou gekose antwoord in die ruimte wat aan die onderkant van elke bladsy voorsien is, te skryf.

1.1 Mr Price Clothing winkels wil sonpanele by hul nuutste afsetgebied installeer om te help om beurtkrag te oorkom. Hulle gee aandag aan …

A 'n interne bedreiging waaroor hulle geen beheer het nie.
B 'n eksterne bedreiging waaroor hulle geen beheer het nie.
C 'n interne bedreiging waaroor hulle volle beheer het.
D 'n eksterne bedreiging waaroor hulle volle beheer het.

(2)

1.2 Mr Price Clothing bied aan hul klante klerasie van 'n hoë gehalte teen 'n lae koste aan. Dit verwys na watter element van die SWOT-analise?

A Sterk punt
B Swakheid
C Geleentheid
D Bedreiging

(2)

1.3 Die algemene styging in inflasie en verswakking van die rand teenoor ander geldeenhede is elemente van watter P^2E^2STLE omgewing?

A Politieke
B Maatskaplike
C Ekonomiese
D Tegnologiese

(2)

1.4 Watter strategiese benadering stem ooreen met Mr Price Clothing se oorweging om 'n afdeling vir aanddrag/formele klere bekend te stel ten einde hulle reeks vir hulle huidige klandisie uit te brei?

A Markontwikkeling
B Markpenetrasie
C Produkontwikkeling
D Diversifikasie

(2)

1.1	1.2	1.3	1.4

IEB Copyright © 2024

1.5 Watter een van die volgende stellings verwys die akkuraatste na die hulpbronge-baseerde ontleding?

A Identifiseer watter hulpbronne die besigheid moet uitkontrakteer.
B Identifiseer bedreigings van die verskaffers van hulpbronne.
C Identifiseer watter hulpbronne van die besigheid besig is om op te raak.
D Identifiseer watter hulpbronne verskaf strategiese waarde om die besigheid te bedryf.

(2)

1.6 Wanneer 'n besigheid werknemers, masjiene en tyd herversprei op 'n wyse wat groter waarde vir die besigheidsbedrywighede skep, word watter een van die volgende generiese strategieë gebruik?

A Om hulpbronne anders toe te ken.
B Om die beginsel van Totale Gehaltebestuur toe te pas.
C Om prestasiebeoordelings te doen.
D Om finansiële verhoudings te gebruik om werksaamhede te verbeter.

(2)

1.7 Wanneer 'n besigheid Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid projekte implementeer, is hulle besig om …

A hulle inisiatiewe van gemeenskapsondersteuning te verminder.
B afnamestrategie toe te pas.
C hul mededingende voordeel te verminder.
D hul JSE SRI-gradering te verbeter.

(2)

1.8 Watter een van die volgende beskryf die doel van die JSE SRI?

A Om 'n werktuig aan beleggers te verskaf om baie winsgewende maatskappye te identifiseer.
B Om internasionale erkenning van die besigheid se interne prosesse te verskaf.
C Om die beleide en prosedures van maatskappye wat op die aandelebeurs handeldryf te meet volgens wêreldwye aanvaarbare KMV-standaarde.
D Om besighede te identifiseer wat hul werknemers goed behandel te meet.

(2)

1.9 Die doel van Werkplekvaardigheidsplanne is om …

A die prestasie van individuele werknemers te meet.
B strategieë te vestig wat beoog om die vermoë van werknemers om hul take te verrig, te verbeter.
C te verseker dat werknemers billik in tugprosedures behandel word.
D 'n opgawe te skep van hoeveel werknemers die besigheid vir spesifieke aktiwiteite nodig het.

(2)

1.5	1.6	1.7	1.8	1.9

IEB Copyright © 2024

1.10 Mr Price Clothing se belegging in eiendom kan beskryf word as …

A 'n hoërisiko-belegging wat Mr Price in staat stel om dividende te ontvang in ruil vir kapitaal.
B 'n laerisiko-belegging wat Mr Price in staat stel om rente in ruil vir kapitaal te ontvang.
C 'n medium- tot hoërisiko-belegging wat Mr Price in staat stel om huur in ruil vir kapitaal te ontvang.
D 'n lae- tot mediumrisiko-belegging wat Mr Price in staat stel om huur te vra.

(2)

1.11 Watter beleggingskategorie moet Mr Price Clothing se werknemers kies wanneer hulle 'n deel van hul maandelikse inkomste aan aftreespaargeld toewys wat beoog om inflasie te oortref?

A Eiendom
B Kontant
C Pensioenfonds
D Versamelstukke

(2)

1.12 Watter versekering dek die mediese uitgawes van 'n Mr Price Clothing werknemer wat vir vyf dae afwesig van die werk is weens brongitis wat tydens vakansie opgedoen is?

A WVBBS
B Persoonlike mediese versekering
C Algemene besigheidsversekering
D Huishoudelike versekering

(2)

1.13 Watter versekering sal Mr Price Clothing waarskynlik bekom om verliese te verminder wat met kontanttekorte van die kasregisters in hul winkels verband hou?

A Getrouheidsversekering
B Geld in Transito-versekering
C WVF
D Versekering vir slegte skuld

(2)

1.14 Watter een van die volgende is **nie** 'n vereiste vir 'n geldige versekeringskontrak nie?

A Absolute goeie trou
B Handelingsbevoegdheid
C Versekerbare rente
D Vorige eise

(2)

1.10	1.11	1.12	1.13	1.14

IEB Copyright © 2024

1.15 'n Werknemer van 'n klerewinkel wat versuim om te openbaar dat hulle 'n geskenk van hoë waarde van een van die winkel se verskaffers ontvang het, kan beskuldig word van …

A ontvangs van onvanpaste geskenke.
B ontvangs van omkoopgeld.
C korrupsie.
D al bogenoemde.

(2)

1.16 Wanneer 'n klerekleinhandelaar hul produk bevorder in a manier wat kopers se emosies manipuleer om verkope te verhoog, kan dit as oneties beskou word weens …

A onbillike diskriminasie.
B emosionele intelligensie.
C onbillike arbeidspraktyke.
D onbillike reklame.

(2)

1.17 Watter tipe konflik ontstaan wanneer twee werknemers in 'n klereontwerp-onderneming dikwels verskil oor modeneigings en weier om saam te werk weens die voortdurende behoefte om modieuse en nuwerwetse klere te verskaf?

A Innerlike konflik
B Funksionele konflik
C Disfunksionele konflik
D Progressiewe konflik

(2)

1.18 Daar kan na die beginsel van sinergie verwys word as …

A individue wat onafhanklik werk om oplossings te vind.
B die interaksie van spanlede op 'n wyse waar hul samewerking tot beter uitkomste lei as die individue op hul eie.
C die kompetisie tussen spanlede wat 'n duidelike wenner tot gevolg het.
D die invloed van 'n goeie bestuurder op die werk van die span.

(2)

1.19 … beteken dat 'n maatskappy 'n gevestigde strategie het wat verseker dat werknemers met die regte vaardighede en vermoëns opgelei word om senior poste oor te neem sodat daar 'n gladde oorgang is wanneer 'n senior bestuurder aftree.

A Werknemer-evaluasie
B Opvolgingsbeplanning
C Werwing
D Behoud

(2)

1.15	1.16	1.17	1.18	1.19

IEB Copyright © 2024

1.20 Watter een van die volgende stellings beskryf die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge die beste?

A Die Wet verseker dat vaardigheidsontwikkeling en -opleiding in die werkplek geïmplementeer word.
B Die Wet verskaf die minimum vereistes vir die bepaling van minimum loon.
C Die Wet verseker dat die werkplek strukture gevestig het om voorheen benadeelde individue te bemagtig.
D Die Wet verseker dat die besigheid billike arbeidspraktyke volg wanneer dispute en ontslag in die werkplek hanteer word.

(2)

1.21 … verwys na 'n visuele voorstelling van marktoestande deur mededingers op 'n diagram uit te stippel om hul posisies in die markplek aan te dui.

A Markontleding
B Omgewingsondersoek
C Markkartering
D Klantontleding

(2)

1.22 Wanneer verbruikers klere koop, oorweeg hulle koste, prys en styl. Watter tipe produk word in hierdie bedryf verkoop?

A Geriefsgoedere
B Uitsoekgoedere
C Spesialiteitsgoedere
D Geriefsdienste

(2)

1.23 Watter een van die volgende stellings beskryf die produklewensiklus van winterklere die beste?

A Die bekendstellingsfase is kort, terwyl die volwassenheidsfase lank is.
B Die bekendstellingsfase is lank, terwyl die groeifase lank is.
C Die groeifase is kort, die volwassenheidsfase is gemiddeld, die afnamefase is lank.
D Die groeifase is kort, die volwassenheidsfase is gemiddeld, die afnamefase is kort.

(2)

1.24 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes …

A sit die kriteria uiteen wat vir opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die werkplek gebruik word.
B verskaf riglyne vir geskilbeslegting in die werkplek.
C sit die grieweprosedures uiteen.
D skep 'n uiteensetting vir die raamwerk om minimum loon te bereken.

(2)

1.20	1.21	1.22	1.23	1.24

IEB Copyright © 2024

1.25 Wanneer 'n klerekleinhandelaar in Suid-Afrika daarop aandring dat hul verskaffers wêreldwyd aanvaarbare etiese gedrag nakom, …

(i) verseker hulle dat hul besigheidsaktiwiteite eties is omdat hulle aandag aan etiek in die internasionale mark gee.
(ii) verseker hulle dat die etiek van hul besigheidsvennote op peil is.
(iii) evalueer hulle etiek in die bestuur.
(iv) tree hulle eties in hul interne omgewing op.

A (i) en (ii)
B (ii) en (iii)
C (iii) en (iv)
D (i), (ii), (iii) en (iv)

(3)

1.26 Veranderingsbestuur is van kardinale belang vir die besigheid en moet versigtig bestuur word. Watter een van die volgende verduidelik die akkuraatste hoekom?

A Werknemers aanvaar verandering maklik en pas maklik by 'n ander werksomgewing aan.
B Werknemers voel gewaardeer wanneer daar 'n eenrigtingkommunikasie-ketting in die organisasie is en die bestuurder al die besluite neem.
C Werknemers moet verstaan wat veranderings is en hoekom hul belangrik vir die verbetering van die organisasie is.
D Werknemers voel meer gevestig wanneer daar voortdurend verandering in hul omgewing is, aangesien hulle weet wat om te verwag.

(3)

1.27 Watter stelling hieronder beskryf die rede hoekom voorraad van die vuurproef-verhouding uitgesluit word?

A Voorraad het geen monetêre waarde vir die besigheid nie en moet dus by finansiële berekenings ingesluit word.
B Weens die voortdurende verandering in modeneigings, kan voorraad wat vir een seisoen in die mode was dalk nie meer in die mode vir die volgende een wees nie.
C Voorraad is 'n langtermynbate en moet slegs in ag geneem word wanneer die solvensieverhouding bereken word.
D Voorraad is 'n korttermynlas wat die doeltreffendheid van die vuurproef-verhouding in die meting van finansiële stabiliteit verminder.

(3)

1.25	1.26	1.27

1.28 Die koperresponsstimulus verwys na die …

A persoonlike eienskappe, psigologiese faktore en ekonomiese faktore.
B psigologiese faktore, omgewingsfaktore, tegnologiese faktore en sosiale faktore.
C omgewingsfaktore, psigologiese faktore, ekonomiese faktore en mededingende faktore.
D persoonlike faktore, regulerende faktore, psigologiese faktore en politiese faktore.

(3)

1.28

[60]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

Kies die **mees korrekte** antwoord in onderstaande tabel wat die beste by die volgende stellings pas. Skryf die korrekte antwoord in die ruimte wat na elke stelling voorsien is.

Let wel: Daar is slegs **EEN** korrekte antwoord vir elke stelling.

Nabyheidsklousule	Effektetrusts	Gemiddelde klousule
Skuldbriewe	Kennisdeposito's	Dividende
Uitstryking	Beslissingsboom	Rente
Voor-en-nadele-kaart	Premie	Vermyding
Aanspreeklikheidsversekering	Getrouheidsversekering	Koste vir maatskappy
Aftree-annuïteit	Koste-plus-voordele	Menslike hulpbronne
Bybetaling	Etiek	Ekwiteite

2.1 Beleggings in hierdie bateklas is 'n kombinasie van aandele wat deur 'n fondsbestuurder belê word volgens 'n risikoprofiel wat vir die belegger aanvaarbaar is.

_____

(2)

2.2 'n Belegging in hierdie bateklas kan uiters onbestendig wees weens onbeheerbare eksterne faktore.

_____

(2)

2.3 Die maatskappy se Direksie bepaal hoe die winste gedeel word. Wanneer hulle hul besluit geneem het, sal hulle … aan die aandeelhouers uitkeer.

_____

(2)

2.4 Wanneer Mr Price Clothing hierdie hoërisiko-beleggingsgeleentheid aan hul beleggers bied in ruil vir 'n vaste rentekoers sodat hulle 'n nuwe projek kan befonds, in watter beleggingskategorie sou die beleggers belê?

_____

(2)

2.5 'n Eis wat aan 'n klerehandelaar deur 'n klant gestuur is wat beseer is terwyl hy in die winkel inkopies gedoen het, word gedek deur …

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

2.6 Die bydrae aan 'n versekeringseis betaalbaar deur die klerekleinhandelaar word … genoem.

_____

(2)

2.7 In 'n onlangse versekeringseis het 'n klerekleinhandelaar net 60% van die geëiste waarde ontvang, aangesien hulle nie vir die totale waarde van hul bates verseker was nie. Hierdie beginsel word die … genoem.

_____

(2)

2.8 'n Visuele voorstelling van verskillende uitkomste van 'n gebeurtenis word 'n … genoem.

_____

(2)

2.9 'n Bestuurder probeer om 'n geskil in hul winkel te besleg deur die twee strydende partye byeen te bring en hul gedeelde ooreenkomste aan te dui sodat hulle kan fokus op die dinge wat hul in gemeen het. Hierdie bestuurder pas die geskilbeslegting-instrument van … toe.

_____

(2)

2.10 Die … salarisstruktuur bied 'n basiese salaris aan waartoe die maatskappye verdere byvoordele voeg.

_____

(2)
[20]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3

Kies die term tussen hakies wat die stelling WAAR maak. Skryf jou antwoord in die ruimte wat voorsien is.

3.1 Wanneer 'n kleremaatskappy 'n versekeringsmaatskappy nader om hulle te dek in geval van tegnologiese vooruitgang, is die risiko wat hulle probeer dek **(versekerbaar/ onversekerbaar)**.

_____

(2)

3.2 Die **(Utilitêre/Beginsel-gebaseerde)** Etiekteorie bepaal dat die aksie wat geneem moet word, die grootste aantal mense moet dien.

_____

(2)

3.3 Wanneer die koopbestuurder van Mr Price Clothing in die direksie dien van die maatskappy wat die winkel van T-hemde voorsien, moet hulle die besluit na 'n ander bestuurder verskuif weens **(binnehandel/belangebotsing)**.

_____

(2)

3.4 Wanneer werknemers maatskappyhulpbronne gebruik, soos die maatskappykrediet-kaart, om hulle familie vir 'n ete uit te neem, word dit **(ongemagtigde gebruik van fondse/onvanpaste geskenke)** genoem.

_____

(2)

3.5 'n Groep werknemers wat werknemers verteenwoordig in sake wat met hul werksomgewing verband hou deur met die bestuur oor interne kwessies soos kriteria vir meriete en bonusse te beraadslaag, is 'n **(werkplekforum/vakbond)**.

_____

(2)

3.6 'n **(Posontleding/Posspesifikasie)** word uitgevoer om al die take en verantwoordelikhede wat met elke pos in die organisasie verband hou, te bepaal.

_____

(2)

3.7 **(Werwing/Keuring)** word as 'n positiewe aktiwiteit beskou wat interne en/of eksterne kandidate uitnooi om vir poste in die besigheid aansoek te doen.

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

3.8 **(Vaardigheidsontwikkeling/Beoordeling)** help werknemers om hul verskeidenheid vermoëns te verbreed om hul produktiwiteit in die werkplek te verbeter.

_____

(2)

3.9 Die **(WAV/WBDV)** verskaf die raamwerk rakende werksure, verlof en beëindiging wanneer dienskontrakte opgestel word.

_____

(2)

3.10 Wanneer 'n werkgewer aanvaarbare redes gee vir die ontslag van 'n werknemer, word aan die vereiste van **(substantiewe/prosedurele)** billikheid in die ontslagproses voldoen.

_____

(2)
[20]

100 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Lees onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Die opkoms van volhoubare mode

Verbruikersvraag na volhoubare mode

Verbruikersbewustheid en vraag na volhoubare mode neem voortdurend toe. Vandag se verbruikers is meer bewus van die omgewings- en sosiale invloed van hul koopbesluite. Hulle wil handelsname hê wat volhoubaarheid prioritiseer en met hul waardes ooreenstem.

[Bron: <https://3dlook.ai/content-hub/sustainable-fashion-trends-to-watch-in-2023/>]

4.1.1 Noem en regverdig watter element van die SWOT-analise word in die uittreksel hierbo bespreek.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(3)

4.1.2 Wat is die **DRIE** elemente van volhoubare besigheidsverslagdoening?

_____

_____

_____

(3)

IEB Copyright © 2024

4.1.3 Met verwysing na die uittreksel hierbo, identifiseer **EEN** element uit elk van die drie besigheidsomgewings. Skets en verskaf 'n rede vir die vlak van beheer wat die klerekleinhandelaar oor elke element het. Verskaf een strategie wat die klerekleinhandelaar kan gebruik om sy beheer oor die geïdentifiseerde element te verbeter.

Omgewing	**Identifiseer EEN element uit elke besigheidsomgewing.**	**Beskryf en gee 'n rede vir die vlak van beheer wat die klerekleinhandelaar oor elke element het.**	**Verskaf EEN strategie wat die klerekleinhandelaar kan gebruik om sy beheer oor die geïdentifiseerde element te verbeter.**
Mikro	(1)	(3)	(2)
Mark	(1)	(3)	(2)
Makro	(1)	(3)	(2)

(18)

IEB Copyright © 2024

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Woolworths:

Ons is passievol oor ons land en glo daarin om voorheen benadeelde gemeenskappe te help om 'n ekonomies volhoubare lewensbestaan vir hulself te bou.

Ons skenk oortollige klere uit ons winkels, sowel as kliënte se geskenkte klere aan liefdadigheidsorganisasies en sosiale entrepreneurs via die **Klerebank**.

[Bron: <https://www.woolworths.co.za/content/article/sustainability/social-development/_/A-cmp206001>]

4.2.1 Wat kry Woolworths daaruit om in die korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheidsprojekte te belê wat in die uittreksel hierbo genoem word?

(6)

IEB Copyright © 2024

4.2.2 Noem **TWEE** interne belanghebbendes van 'n klerekleinhandelaar en verduidelik hoekom hulle belang sal stel om 'n klerekleinhandelaar te ondersteun wat volhoubaar funksioneer.

(6)

IEB Copyright © 2024

4.2.3 Oorweeg die volgende onetiese aktiwiteite. Vir elke onetiese aktiwiteit, verskaf **EEN** voorbeeld van hoe dit by Woolworths kan gebeur. Stel voor hoe die bestuur by Woolworths kan verhoed dat hierdie onetiese aktiwiteit plaasvind.

Onetiese aktiwiteit	**Verskaf EEN voorbeeld van 'n onetiese aktiwiteit by Woolworths.**	**Hoe kan Woolworths se bestuur dit voorkom?**
Vervalsing	(2)	(2)
Botsing van belange	(2)	(2)
Prysbepaling van goedere in landelike gebiede	(2)	(2)

(12)

4.2.4 Noem die doel van 'n Etiese Kode.

_____

_____

_____

_____

(2)
[50]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5

5.1 **Soos enige entrepreneursbedryf, vereis die begin van 'n besigheid noukeurige beplanning en uitvoering. Veral in Suid-Afrika se diverse modebedryf.**

5.1.1 Identifiseer **DRIE** entrepreneurseienskappe wat 'n persoon nodig het om sy/haar eie besigheid in die modebedryf te begin.

_____

_____

_____

(3)

5.1.2 Verduidelik met behulp van 'n voorbeeld wat op 'n klerekleinhandelaar van toepassing is, hoekom dit vir 'n vloerbestuurder belangrik is om die **situasionele leierskapstyl** te gebruik wanneer 'n winkel bestuur word.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(6)

IEB Copyright © 2024

5.1.3 Beskryf **TWEE** voordele om 'n gemotiveerde arbeidsmag te hê.

(4)

5.1.4 Beskryf kortliks **TWEE** niemonetêre faktore wat 'n modekleinhandelaar kan gebruik om sy/haar personeel te motiveer.

(4)

5.2 **Konflik in die werkplek is onvermydelik.**

5.2.1 Stel **DRIE** maniere voor waarop 'n bestuurder van 'n klerekleinhandelaar konflik tussen twee werknemers kan hanteer.

(3)

5.2.2 Lees die scenario's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Scenario 1:
Werknemers in Woolworths is ongelukkig oor die Onderwys en Opleiding waartoe hulle toegang het. Hulle wil meer geleenthede hê om hul vaardighede te verbeter.

Noem 'n ideale derdeparty-intervensie wat in hierdie situasie gebruik kan word en verduidelik hoe hierdie derde party betrokke sou wees.

(5)

Scenario 2:
'n Eienaar van 'n nuwe Woolworths klerewinkel het nie die kundigheid om dienskontrakte op te stel wat aan alle regsvereistes voldoen nie. Dit laat werknemers voel hulle word onbillik behandel en ontwrig werksaamhede.

Noem 'n ideale derdepartyintervensie wat in hierdie situasie gebruik kan word en verduidelik hoe hierdie derde party betrokke sou wees.

(5)

IEB Copyright © 2024

5.3 Verduidelik die **DRIE** redes wat **substantiewe billikheid** uitmaak wanneer 'n werknemer ontslaan word.

(9)

5.4 5.4.1 Noem **DRIE** tipes arbeidsoptrede.

(3)

5.4.2 Verduidelik die konsep van **sekondêre arbeidsoptrede**.

(2)

5.5 Bespreek die voordele van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes vanuit 'n werknemer se oogpunt.

(6)
[50]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 6

6.1 **Na die bekendstelling van groot aanlyn klerekleinhandelaars in die klerebedryf, beoog Woolworths om sy mededingende voordeel deur middel van 'n aantal bemarkingstrategieë te verbeter.**

6.1.1 Bespreek die faktore wat tot 'n suksesvolle handelsnaam bydra.

(8)

6.1.2 Hoekom wil klerekleinhandelaars toonaangewende handelsname in hul winkels aanhou?

(4)

6.2 Verduidelik hoe die fisiese bewys van 'n klerewinkel die koper se koopbesluit beïnvloed wanneer hul klere koop.

(6)

IEB Copyright © 2024

6.3 Bespreek die voordele van 'n sterk handelsnaam vanuit die perspektief van die verbruiker.

(4)

6.4 **Baie sê dat om die regte verkoopspersoon te hê verkope kan verhoog.**

6.4.1 Verduidelik die belangrikheid om 'n goeie keuringsproses te hê wanneer nuwe werknemers in diens geneem word.

(4)

6.4.2 Bespreek hoe 'n toename in aanlyn verkope moontlik die vaardigheids-vereistes van kandidate wat vir poste by 'n klerekleinhandelaar aansoek doen, verander het.

(6)

6.5 6.5.1 Stel **TWEE** tipes nieverpligte versekering voor wat jy vir 'n klerewinkel sou aanbeveel en gee 'n rede vir elk.

(6)

IEB Copyright © 2024

6.5.2 Beskryf die doel van WVF en sit die belangrikheid van 'n werknemer wat daardeur gedek word uiteen.

(6)

6.5.3 Die pakhuis waarin Woolworths hul voorraad gehou het, het aan die brand geslaan. Woolworths het hul klerevoorraad met 40% onderverseker. Bespreek hoe dit hulle beïnvloed wanneer hulle versekeringsmaatskappy hulle uitbetaling na die brand bereken.

(6)
[50]

150 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING C

Die volgende aspekte word oorweeg wanneer punte in hierdie afdeling toegeken word:

- Formaat:
  - Die KORREKTE formaat moet gebruik word, d.i. besigheidsverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
  - Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar nodig.
- Terminologie: korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: motiveer alle stellings wat gemaak word.
- Toepassing op gevallestudie/konteks.
- Kreatiewe probleemoplossing eerder as om bloot net teoretiese feite te gee.
- Sintese en toepaslike opeenvolging.

VRAAG 7

Bestudeer die volgende bronne voordat die vraag wat volg beantwoord word.

BRON A:

Suid-Afrikaanse klerekleinhandelaars verloor glans in die aangesig van Shein reus

Die China-gebaseerde ultra laekoste-, vinnigemode-kleinhandelaar het dalk 'n groeiende mark in Suid-Afrika, maar dit plaas baie druk op plaaslike kleinhandelaars.

Die modebedryf is die wêreld se tweede grootste besoedelaar en vinnige mode is die kern van die probleem, met laekoste-, oorgrenskleinhandelaars wat van menseregteskendings, omgewingsdegradasie, maatskaplike probleme en afval beskuldig word, omdat produkte wat teruggegee word nie herwin of weer verkoop word nie – hulle word vernietig.

[Aangepas uit: <https://www.bizcommunity.com/Article/196/182/241290.html>]

BRON B:

Ten spyte van die twispunt, is vinnige mode steeds redelik gewild

Onder die top 15 gewildste handelsname wêreldwyd, is ses vinnigemode-handelsname, wat 'n toenemende belangstelling in vinnige mode weerspieël, gegrond op massaproduksie eerder as op gehaltevervaardiging.



[Aangepas uit: <https://www.citizen.co.za/lifestyle/fashion-and-beauty/controversy-fast-fashion-is-still-quite-popular/>]

IEB Copyright © 2024

Vereis:

Suid-Afrikaanse klerekleinhandelaars kom voor baie uitdagings te staan. Die bedryf is besig om te groei en mededinging vind nie meer net plaaslik plaas nie. Klerekleinhandelaars moet die risiko's wat in hulle eksterne omgewing ontstaan bestuur en kreatiewe oplossings vind om hul mededingende voordeel te behou.

Help 'n klerekleinhandelaar van jou keuse met die volgende:

- Identifiseer die risiko's waarvoor 'n kleinhandelaar vanuit hul eksterne omgewing te staan kom.
- Stel probleemoplossingstegnieke voor om dit te oorkom.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

50 punte

Totaal: 300 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2024